e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

22 September 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 32

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kruispad of vurk in die pad?

Op die uiters moeilike pad wat die profeet Jeremia met die volk (Juda) moes stap, het daar 'n tyd gekom toe die Here vir hom gesê het: *Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind* (Jeremia 6: 16).

Dit was 'n beeld van die klein tweestammeryk van Juda. Hulle toekoms was baie onseker. Hulle het al hoe meer geknel geraak tussen Egipte en Babilonië met die gevaar uit die noorde wat al hoe meer bedreigend geword het. Daarom praat hierdie *visioen* van mense wat by 'n kruispad gekom het. Dalk nog erger, by 'n hele netwerk van paaie. En die dringendste vraag waarvan hulle lewens afgehang het, was watter koers hulle moes inslaan.

Dit is waarlik 'n beeld van verwarring en onsekerheid. Hulle voel lamgelê deur twyfel en weifeling. Vir die volk was dit baie erg dat hulle deur die priesters en hofprofete eintlik mislei is. Hulle het hulle laat troos met die gedagte dat hulle tog die Here se volk is en dat die tempel nooit sou val nie. Dit was so maklik om die medisyne aan te bied en net so gemaklik vir die volk om dit te glo. Miskien het hulle gedink dat die Here dit selfs aan hulle verskuldig is. Hulle het God dan so met hulle uiterlike tempeldiens verheerlik. Daar was uiterlik baie godsdienstigheid en die vorm van vroomheid is noukeurig onderhou.

Maar hoe het dit werklik met die hart gegaan? Jeremia moes die onaangename boodskap oordra dat uiterlike vormgodsdiens nie die toets kan deurstaan nie. Daar was eerstens die verhouding met medemense waarin baie dinge skeefgetrek was. Hulle lewens het gestink van uitbuiting en bedrog teenoor hulle naaste. Die medemens is onderwerp aan uitbuiting en vernedering. En die wortel van die kwaad was die leë verhouding met God. Uiterlik baie godsdienstigheid, maar God was in hierdie vorme so goed as afwesig.

Daar was vir hulle 'n uitweg. Hulle moes vir 'n oomblik tot stilstand kom en alles baie goed oorweeg. Is daar uit hierdie doolhof tog 'n goeie pad om te volg? Hulle moes vra na die *ou paaie*, en dan die goeie weg volg.

En dit kan baie verleidelik klink. Dit kan mos verstaan word dat dit beteken dat hulle maar net aan die ouderwetse en bekende moes vashou. Dit is sekerlik net menslik om te midde van al die onsekerheid te wil vashou aan die bekende van die verlede om daarin rus en sekerheid te soek. En in hierdie proses gebeur dit ook dikwels dat die ou en bekende tradisies verhef word tot godsdienstige beginsels. Die pynlike probleem daarmee is dat vastigheid gesoek word in die dinge wat maar net uit die mens kom. En dit is eintlik altyd makliker. Dit vra nie verandering van hart en optrede nie. Al wat dit werklik vra, is net 'n dosis nostalgie. Die beste lê altyd in die verlede.

Die profetiese stem vra egter na verandering van hart en gesindheid wat dan ook moet uitloop in 'n opregte lewe van diensbaarheid aan God en medemens.

Ons ken verwarring en onsekerheid in hierdie dae. Daar was in die vorige *e-Hervormer* 'n hartroerende betoog vir verandering en bekering. Kom ons hoop en bid dat ons in hierdie verwarrende tyd voor die kruispaaie die regte weg sal vind en dat dit nie – soos daar nou al so lank betoog word – 'n vurk in die pad is waar weë gaan skei nie.

Prof Piet Geyser

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Petrus Harmzen

Ds Frans Marais

Beroep ontvang

- **Ds Petrus Harmzen** van Hartbeesfontein na Ermelo-Suid
- **Ds Frans Marais** van Grootvlei na Newcastle
- **Ds Larry van der Walt** (beroepafwagtend) na Alberton (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Daar sal nie ’n uitgawe van die *e-Hervormer* op Donderdag 6 Oktober wees nie, as gevolg van die Buitengewone Algemene Kerkvergadering (AKV) van 4 en 5 Oktober en die Nasionale NHSV Kongres van 6, 7 en 8 Oktober.

Ds Larry van der Walt

Ds Martin Jansen van Rensburg

- **Ds Martin Jansen van Rensburg** van Gemeente Phalaborwa het tydens die Universiteit van Pretoria se Lentepromosieplegtigheid ’n **MA-graad** ontvang. Sy tesis het gehandel oor ’n empiriese ondersoek na die liturgiese behoeftes van lidmate en hoe lidmate eredienste in die Hervormde Kerk ervaar. Die resultate het getoon dat daar wel ’n verband bestaan tussen die belewenis van eredienste en erediensbywoning. Sommige lidmate voel nie meer tuis in die Hervormde Kerk se eredienste nie omdat die inkleding daarvan in sommige gevalle nie rekening hou met die veranderende visuele era nie.

- Ds Frans Ras het die beroep na Gemeente Windhoek aanvaar en verlaat **Gemeente Pietermaritzburg** op 31 Oktober. Laasgenoemde gemeente soek dringend na predikante wat een of selfs meer **eredienste** daar kan lei gedurende **Oktober, November en Desember**. Kontak ds Ras by **fhras@worldonline.co.za** of 082 416 3922, of Ilze Vorster by 082 302 2569.

- **Die volgende predikante verjaar tot 30 September**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 22 September: Di Zet Robberts (Heidelberg) en Errol Sheppard (Vaalpark)
  - Vrydag 23 September: Di Wouter Beukes (Springs-Noord), Neels Botha (emeritus) en dr Gert Malan (Mosselbaai)
  - Saterdag 24 September: Ds Thinus van Staden (Montana)
  - Maandag 26 September: Ds Marna van der Westhuizen (Ogies)
  - Woensdag 28 September: Prof Natie van Wyk (AIM)
  - Donderdag 29 September: Ds Buddie Dupper (Piet Retief-kombinasie)
  - Vrydag 30 September: Di Jan Schroeder (emeritus) en Mariëtte van der Berg (buiteland)

- Die **redaksie van *Die Hervormer*** vergader op 29 September om 10:00 in die Raadsaal van die Dirk van der Hoffgebou.

- Alle matrieks word hartlik uitgenooi na **Gemeente Philadelphia** se **Matriek-wydingsdiens** op **Sondag 25 September om 19:00** in die kerkgebou by Lunnonstraat 127, Hillcrest, Pretoria. Enige navrae kan gerig word aan Esmé Bolton by 012 362 7237.

- Die ***Konteks*-toer na die Laeveld** vind volgende week plaas. Dr Wian Kloppers, redakteur van *Konteks*, sal die toergeselskap Maandagoggend 26 September in Pretoria afsien. Ons wens die toergangers 'n voorspoedige en geseënde reis toe!

- **Ds Errol Sheppard** van Vaalpark se e-posadres **shep@absamail.co.za** sal tot einde September in werking wees. Sy nuwe adres **errol.shep@telkomsa.net** is reeds geaktiveer. Die gemeente se e-posadres het ook verander en is nou **nhkvaalpark@telkomsa.net**.

- In die Januarie/Februarie 2011-uitgawe van *Konteks* het 'n bylaag oor die **SP Engelbrecht-museum** verskyn. Die Kerkargief benodig ekstra kopieë van dié uitgawe en spesifiek van die **bylaag** wat oor die Kerkmuseum gehandel het. Indien gemeentes of lidmate ekstra uitgawes van hierdie *Konteks* het en dit wil skenk aan die SP Engelbrecht-museum, sal dit baie waardeer word. Ons wil die bylaag gebruik om verdere bekendstelling van die Museum te doen. U kan met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, in verbinding tree by **argief@nhk.co.za** of 012 322 8885 x204. Indien iemand uitgawes wil afgee, kan dit by die Sinodale Kerkkantoor gedoen word in die Argief, of tydens die komende AKV gegee word aan dr Christo Pretorius.

- Van **SENTIK se ouer publikasies** is onlangs afgeskryf – dit sluit van die vorige kategeseboeke in. Besoekers en afgevaardigdes na die Buitengewone AKV kan van die gratis boeke by die Sinodale Kerkkantoor kom afhaal. Kontak dr Wouter van Wyk by **wouter@nhk.co.za** vir meer inligting.



- **46ste Nasionale NHSV Kongres 6 tot 8 Oktober 2011.** Enige navrae kan aan die NHSV kantoor by 012 325 0117 gerig word. Dr Daan van Wyk, voorsitter van die AKV, sal praat oor *Vrou, kniel sodat jy kan opstaan*. Mev Joyce Mingard, opvoedkundige, konsultant en onderwyskenner, sal praat oor *Kniel en opstaan in die opvoedkunde*. Adv Linda Pienaar, regskenner wat by verskeie projekte in die gemeenskap betrokke is, sal praat oor *Kniel en opstaan in die gemeenskap*.

- **NHSV beurse en lenings 2012.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die lenings/beurse wissel van R2 000 tot R6 000. Aansoekvorms kan aangevra word van 012 325 0117 of **nhsvadmin@nhk.co.za**. Besoek ook die webwerf **www.nhsv.co.za**. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2011**. **Geen laat aansoeke word aanvaar nie.** Kontak die NHSV kantoor vir meer inligting.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) vind op **Dinsdag 8 en Woensdag 9 November** plaas. Die tema is *Toekoms, Kerk en waagmoed*. Die kursus, wat om 09:00 begin, word by Gemeente Wapadrant aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Stel mev Betsie Brits asseblief **voor 25 Oktober** in kennis indien u die kursus wil bywoon: per e-pos by **betsie.brits@up.ac.za** of per faks by 012 420 4303.

  U word vriendelik versoek om die registrasiefooi vooraf elektronies of per bankdeposito te betaal. Die bankbesonderhede is soos volg:

  Kerkgeld vir Kerkwerk
  ABSA
  Rekening nr 020 149 752
  Kode nr 63 20 05
  Verwysing: 2013K VTT gevolg deur die naam van die kursusganger

- **Gemeente Carolina** vier gedurende November hul **75-jarige bestaan** en gee in 2012 'n **Feesblad** uit. Oudlidmate en ander betrokkenes met foto's en staaltjies oor die gemeente se wedervaringe die afgelope 75 jaar kan die gemeente se voormalige predikant, ds Hennie Louw, **voor einde September** by 084 508 7849 kontak. E-pos- en ander besonderhede sal dan aan u voorsien word.

- **LYTTELTON: SELFHELPWOONSTELLE TE HUUR**
  (Soos met verblyf in 'n gastehuis)
  Privaat
  Ruim 2-slaapkamer en 1-slaapkamer
  In veilige omheinde gebied in rustige woonbuurt
  1,8 km vanaf Unitas-hospitaal
  Sentraal geleë ten opsigte van Centurion-inkopiesentrum en Gautreinstasie
  Nutswinkels en restaurante baie naby
  Volledig toegerus met huishoudelike benodigdhede en omvattende DStv
  Tariewe: R280 per persoon per nag vir 1ste persoon, R500 per egpaar per nag
  Verdere lede kan onderhandel
  Skakel 082 451 9915 of 084 584 3445

Konserte en feeste

- **Vrydag 23 September 20:00: Gemeente Wonderboom**
  Walliese Mannekoor van Suid-Afrika
  Marjoramlaan, Wonderboom
  Deure open 19:30
  Volwassenes R50 per persoon
  Kontak Rina Prinsloo by 012 567 3693 of 072 138 6709

- **Vrydag 23 tot Sondag 25 September: Gemeente Heilbron: Feesnaweek**
  Deel van 100-jaar-viering
  Vrydag 23 September 18:00: Gemeentebraai en konsert by Klipkerkie
  Saterdag 24 September 09:00: Riemland Karnaval by Klipkerkie
  17:00: Voorbereidingsdiens en belydenis van geloof
  19:00: Gelukwensings en groeteboodskappe in kerkgebou – verversings daarna
  Sondag 25 September 09:30: Nagmaal in kerkgebou
  11:30: Dankseggingsdiens en doop in kerkgebou
  13:00: Middagete in Klipkerkie
  Navrae aan ds Herman Gothan, 058 853 1174, 082 773 4740, **hfg@risp.co.za**

- **Vrydag 14 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit: Orreluitvoering**
  Dié orrel is vanjaar 40 jaar oud!
  Kom luister na die pragtige klanke van hierdie 3-manuaal orrel
  Orrelis prof Wim Viljoen

Kerkgebou, Charl Celliersstraat, Bronkhorstspruit
19:00
Toegang gratis
Kontak Gerda Theunissen by gemeentekantoor 013 932 2929
of orrelis Wilma Pretorius 013 932 0720 of 082 806 1627

- **Sondag 30 Oktober 17:00: Gemeente Wesmoot: Saamsingfees**
  Saam met Hendrik en Marinda
  Kerkgebou, hv Hjalmer- en Attiestraat, Booysens
  Toegang gratis
  Navrae aan ds Fanie Beukes by 012 377 3736 of **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 14 Oktober: Gemeente Bronkhorstspruit: Gholfdag**
  Bronkhorstspruit Gholfklub
  4-bal beterbal met ’n *scramble*-dryf
  Afslaan 11:00 met ’n *gunshot*-begin
  R250 per speler
  Borg ’n putjie teen R2 000 vir 4 spelers en adverteer u produk/besigheid
  Groot pryse te wen
  Kontak Attie Botha by 083 627 4263

Kompetisies en fondsinsamelings

- **NHSV Warmbad: Lentetee: Saterdag 1 Oktober**
  10:00
  Warmbad Dienssentrum
  R50 per persoon
  Die fondse uitsluitlik vir versorging van behoeftige kinders
  van Laerskool en Hoërskool Warmbad
  Kontak mev Amanda Liebenberg by 071 877 6640

- **Gemeente Johannesburg-Wes: Witolifantveiling: Saterdag 1 Oktober**
  Registrasie begin om 09:00
  Skilderye en mosaïek; rugby-gedenkdasse; 1995 Wêreldbeker versamelaarswyn
  Orrel; wasmasjiene en tuimeldroërs
  Selfone; lessenaar; rekenaars en skerms
  ’n Nr 44-trourok
  Te veel om te noem!
  Verversings en drinkgoed te koop
  Kontak Wouter en Annelize de Jong by 011 476 6504 of 082 821 7119

- **TE HUUR EN TE KOOP**
  Moeg vir die lewe in die stad met vreemdes buite en binne die hek?
  Kom woon in Kleinfontein-wildpark net oos van Pretoria
  2- tot 4-slaapkamer wooneenhede te huur
  of huise te koop teen billike pryse
  24 uur bemande sekuriteit ingesluit
  Finansiering beskikbaar
  Besoek **www.waterbok.co.za**
  Skakel Ben by 012 802 1644

Basaars en markte

- **Saterdag 24 September: Ring van Noordelike Pretoria: JoyXfest 2**
  Basaar met ’n verskil
  Al die gemeentes in die ring hou saam basaar

Om een van die gemeentes in die ring wat finansieel swaarkry te ondersteun
2011 is Gemeente Derdepoort die ontvanger
Sportgronde van Hoërskool Hendrik Verwoerd (gratis!)
Begin om 08:00 met boeremusiekorkes
Die Kitaarkerêls en Ollie die Nar
Veteraanmotors, motorfietse, jukskei en toutrek
Al die tradisionele basaarlekkernye
Navrae aan ds Peet Swanepoel by 072 372 6933

- **Saterdag 24 September: Gemeente Leeudoringstad: Doringfees**
  09:00
  Heerlike dag met basaarlekkernye en die beroemde Monati-sosaties
  Met Thys die Bosveldklong
  Toegang gratis
  Kompetisiekaartjies R50
  1ste prys: R5 000 kontant – indien teenwoordig met trekking R10 000 kontant!
  2de prys: 2 slagskape
  3de prys: R1 000 vleisbewys
  Troospryse
  Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

- **Vrydag 30 September tot Sondag 2 Oktober: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer MTB Classic
  Doornrivier, 9 km op Gaberone-pad R49
  Vrydag Oktober-Bierfees
  Saterdag kwadfiets- en pypkar-wedrenne, kompetisies, vermaak en kos
  Akkommodasie beskikbaar
  Navrae aan ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **barendob@gmail.com**
  of Joe Salim by 079 857 2478 of **jmsplanning@gmail.com**

- **Saterdag 17 Desember: Gemeente Wesmoot Christusfeesmark**
  By Makro Wonderboom
  Stalletjies teen R200 – bespreek nou reeds
  Kontak Carla Greyling by 082 376 9239
  Met Lance James, Rodeo Girls, Hendrik Britz en Miranda
  Toegang gratis

- **VAKANSIEVERHURING – MOSSELBAAI**
  Woonstel met see-uitsig
  700 m vanaf Dias-hoofstrand
  Slaap 4: 2 slaapkamers, 1 badkamer
  Private braai
  Veilige onderdakparkering
  Slegs R750 per nag
  Bring eie handdoeke
  Foto's beskikbaar
  Kontak Koos Coetzee by 083 655 7334 of **koosco@absamail.co.za**

ANDER NUUS

- **Linmar Werkskepping** is 'n projek van die **Ondersteuningsraad Krugersdorp** om vroue te bemagtig, Hulle maak klere soos sweetpakke vir skole en sportinstansies, asook windjakkers, skoolrompe, voorskote en kleuterskoolklere. Hul nuutste produk is oorpakkies (*overalls*) vir kleuterskole. Kontak **Hester Potgieter** by 011 660 5252 of 082 560 4237 met **bestellings.**

- **Die Ondersteuningsraad** bied weer vir 'n week tydens die September-skoolvakansie hul **kamp vir ongeveer 80 hulpbehoewende kinders** aan. Die

berekende koste beloop R800 per kind vir die hele week. **Persone wat graag 'n kind of twee wil borg,** kan met Suzanne van Deventer van die Ondersteuningsraad se Pretoria-kantoor by 012 325 2320 in verbinding tree.

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURE IN RING VAN RUSTENBURG**
  Maatskaplike Werker
  Halfdagpos vanaf 3 Oktober 2011 in Rustenburg
  Vir lewering van pleegsorgtoesigdienste by Diakonale Pleegsorghuis
  asook dienslewering aan lidmate van die Hervormde Kerk

  Ononderhandelbare vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, geldige bestuurslisensie, ervaring in statutêre werk en vereenselwiging met etos van die Hervormde Kerk. Salaris bepaal deur jare ervaring.

  Aansoeke aan mev Mariaan Steenkamp (**mariaans@nhk.co.za** of faks 012 322 5787). **Sluitingsdatum 23 September 2011.**

- **Die Ondersteuningsraad beskik ook oor die volgende vakatures**:
  - Programbestuurder; mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal 'n aanwins wees; area Rustenburg/ Potchefstroom/Klerksdorp
  - Maatskaplike Werkers (x3); areas Tarlton, Krugersdorp en Brakpan
  - Maatskaplike Hulpwerkers; areas Krugersdorp, Klerksdorp en Vanderbijlpark

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R114 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

Oor die bydrae van dr André Botma in *Die Hervormer* van September 2011, bladsy 3:

"Daar is geen alchemie wat die fout van die Kerk om apartheid teologies goed te keur, kan omswaai na reg nie. Dit is wat dit was – 'n fout. Besluit 54 beteken: Ons staan beskaamd oor ons gebrek aan insig. Ons het die evangelie nie reg verstaan nie. Dit verklaar niemand tot ketter nie en trek nie 'n streep deur die geskiedenis nie. Inteendeel, dit bring 'n noodsaaklike korreksie aan. God se geregtigheid kry nie voltooiing en kan nie opgelos word in die blote formulering daarvan nie. Dit verg boetedoening, bekering en praktiese dade. Enigiets minder is suiwer selfverontskuldiging." *(Verkort)*

Dr P van Staden, Stellenbosch/Worcester

Oor die artikel van dr Christo Pretorius in *Die Hervormer* van Oktober 2011, bladsy 5:

Ons maak verskoning oor die tikfout *Dopperse dwaling*; die korrekte term is die *Doperse dwaling*. *(Redaksie)*

AGTERBLAD

Bybelstudiegidse

Gemeentes kan gerus oorweeg om nou Bybelstudiegidse te bestel sodat predikante en ander afgevaardigdes na die Buitengewone AKV in Oktober die boekies by die Sinodale Kerkkantoor kan kom afhaal. So vermy u die posgeld!

Die Ons Vader-gebed. Hierdie Bybelstudie vergelyk die twee weergawes van die Ons Vader-gebed in die Matteus- en Lukas-evangelie met mekaar. Leer so wat Jesus oor gebed onderrig het.

Bewaar wat aan jou toevertrou is. Leer meer oor die pastorale briewe 1 en 2 Timoteus en Titus. Maak die raad van 'n ervare Christenleier aan leiersfigure van sy tyd ook op jouself van toepassing.

Briewe van Johannes. Ken jy en leef jy die liefde wat alles gee en tegelykertyd alles vra? Lees wat die Johannes-briewe ons leer oor die liefde wat aan die lewe die regte betekenis gee.

2 Petrus. Een van die minder bekende en daarom minder geliefde geskrifte van die Nuwe Testament – en tog bevat 2 Petrus 'n boodskap wat vir Christene vandag steeds van groot betekenis kan wees in hul persoonlike lewe en gemeentelike betrokkenheid.

*** Hierdie Bybelstudies is teen **R30 per eksemplaar** (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl van SENTIK se boekwinkel beskikbaar. Kontak mev Van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Drr Frikkie Labuschagne en Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx